

26 Mei

**Skrifgedeelte: Matteus 25:14-30**

**Fokusgedeelte: Matteus 25:26**

### **Hét jy geweet?**

In 'n gelykenis met die oog op sy wederkoms vertel Christus dat daar dwase mense op aarde is wat Hom nie werklik ken nie. Daardie mense word op die dag van oordeel met 'n verdoemende feit gekonfronteer. Hulle moet uit die mond van die hemelse Regter hoor: Julle ken My nie. Julle is nie op My wederkoms voorbereid nie. Ek ken julle ook nie.

In aansluiting by daardie gelykenis vertel Christus dat die eindtyd soos 'n man is wat op reis gaan en sy besittings aan sy dienaars toevertrou. Verskillende dienaars kry elkeen verskillende hoeveelhede geld om mee te werk. Almal kry dieselfde opdrag: wees fluks en ywerig met dit wat aan jou toevertrou is. Pas die eiendom van jou heer op en werk oordeelkundig daarmee.

Christus, die Alleen-Eienaar van die aarde met alles daarin en daarop, laat die onderhouding, bewerking en bewaking van sy eiendom in die hande van die mens. Hy beveel: heers daaroor, versorg dit, laat dit groei en toeneem, bedien my reg en liefde, verkondig my verlossing.

Die diensknegte werk. Vyf talente word tien. Twee word vier. En een bly een. Op die dag van rekenskap word dit duidelik waarom die een net een gebly het. Christus verkwalik die lui dienskneg wat sy talent in die grond weggesteek het. Hy spreek hom ernstig daaroor aan: "Jy het *geweet* dat ek maai waar ek nie gesaai het nie." Jy het daardie "wete", daardie "kennis" (eintlik onkunde) as verskoning gebruik om nie te doen wat jy moes doen nie.

Is dit waar dat Christus maai waar Hy nie saai nie? Verwag Hy dinge van God se kinders wat ons nie kan doen nie? Nee, dit is onwaar. Wat dié man "geweet" het, is wat hy van Christus gedink het. Hy het Christus die Verlosser nie werklik geken nie. Hy bely en beleef Christus nie as Verlosser en Koning nie. Daarom mors hy met dit wat aan Christus behoort.

Weet jy wat van jou verwag word? Weet jy dat jy op God se aarde besig is met asem wat God gee, middele wat God skenk, 'n huis en 'n besigheid wat aan God behoort? God maai nie waar Hy nie gesaai het nie. Inteendeel, Hy saai oorvloedig. Dit is ons taak om verantwoordelik met die saad te werk.

Sing: Psalm 24:1

Dr. GJ Meijer (Oos-Moot)